

Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12/ no. 1
Desember 2002/Januarie 2003

VAKANSIE

Die einde van die jaar is op ons. Vakansietyd. Baie staan op die punt om met vakansie te gaan. Daarvoor word heelwat geld uitgegee. Die vraag kan gestel word: Kan ons dit verantwoord om in ons tyd met soveel nood rondom ons, met vakansie te gaan? Kan die vakansiegeld nie beter gebruik word nie? Daar is mos baie geld nodig vir die verbreiding van die evangelie en vir die leniging van nood binne en buite die gemeente. Kan ons dan met 'n goeie gewete, sonder skuldgevoelens, lekker met vakansie gaan en ontspan?

Dis altyd goed om selfondersoek te doen. God roep ons op, terwyl ons die geleentheid het, om aan almal goed te doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof (Gal. 6:10). Gee ons wel mildelik en blymoedig ooreenkomstig die gawes wat God ons gegee het? Staan dit wel voortdurend op ons begroting, as iets wat voorrang in ons hart en lewe geniet? Of word dit afgeskeep as 'n sluitpos, wanneer daar geld oorbly?

Wanneer ons mildelik gee, dan hoef ons nie suinig teenoor onself en ons gesin te wees nie, maar mag ons geniet van die rykdom wat God vir ons gegee het. Job het die armes nooit geweier nie en het sy brood nooit alleen geëet nie (Job 31:16vv), maar hy het sy kinders ook laat geniet van sy oorvloedige rykdom (Job 1). Jesus Christus het geweet van die ellende van armes en weduwees in sy dae. Hy het egter ook 'n bruilof bygewoon en die vreugde groot gemaak deur water in wyn te verander. Die Bybel praat meermale van ontspanning en vrolikheid. Dink maar aan die Ou Testamentiese feeste wat soms sewe dae geduur het, met uitbundige feesviering. Dis iets wat die Here sy volk gun en gee. Daarby verwag die Here egter wel van sy kinders dat hulle in hul feesvreugde die slawe, die afhanklikes en die armes nie vergeet nie (bv. Deut. 16:14; Neh. 8:11). In Prediker 3:13 word dit 'n gawe van God genoem dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeitevolle arbeid.

Vakansie en ontspanning is nie 'n benoude saak waaroor ons skuldig hoef te voel nie. Wanneer ons God en die naaste daarin ken, dan mag ons voluit daarvan geniet. Hier geld dan die reël van Kol. 3:17: "En wat julle ook al doen in woord en daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."

In Hierdie Uitgawe



Tema: Ontspanning

- Eers ontspanning, dan werk 3
- Wat lees ek? 4
- Kersmusiek 6
- Briewe 2
- 16 Desember 8
- GKSA op pad na 'n waterskeiding 11
- Vervolgde kerk 12
- Instituering Mamelodi 13
- Gesag van meerdere vergaderings 14
- Verslag sendingberaad ... 16
- ARSO 17
- Besoek aan 'n museum . 19

REAKSIE OP “’n JAAR OORSEE”

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

Geagte redakteur:

Er zijn dingen die je diep kunnen raken. Dat gebeurt bijvoorbeeld als iets wat je dierbaar is voor je gevoel onjuist wordt behandeld. Dat overkwam mij bij het lezen van het artikel “’n JAAR OORSEE?” in *Kompas*, November 2002.

Ik kan mij in veel vinden wat de schrijver zegt. Maar niet in de manier waarop hij de verschillen beschrijft die er in en tussen de diverse gemeenten zijn in de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt). Met name gaat het mij om de zin “Die een gemeente is behoudend konfessioneel, die ander, soos iemand dit onlangs vir my skryf, begin lyk na ’n sirkus - elkeen maak wat reg is in sy eie oë.”

Met het overnemen van zo’n ongenueanceerde uitspraak zonder enig commentaar of bewijs is het gevaar groot dat er een onjuiste voorstelling van zaken wordt gegeven. En in dit geval is dat helaas zo.

Bovendien, het lijkt erop dat “behoudend” aan “confessioneel” wordt gekoppeld en dat daar tegenover wordt gesteld een gemeente die lijkt op een “circus”.

Er zijn inderdaad verschillen binnen gemeenten en tussen gemeenten onderling. Die verschillen betreffen meestal verschillen in liturgische vormgeving. Er zijn broeders en zusters in onze kerken die denken dat een liturgische verandering de grondslag van de kerk aantast. Er zijn ook vast wel mensen die een liturgische verandering “lyk na ’n sirkus” noemen.

Om zo’n uitspraak klakkeloos over te nemen en in een artikel te laten fungeren om ernstige verschillen tussen gemeenten aan te tonen, gaat mij te ver. Er hóéft geen huivering te zijn bij welke gemeente je je moet aansluiten, want de Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) willen van harte staan op de vaste grond van Gods beloften in Zijn Woord gegeven. Wat u denkt te signaleren zijn geen confessionele verschillen maar slechts cultuurverschillen.

Tenslotte. Er zijn helaas jongeren in onze kerken die soft drugs gebruiken, die vloeken, die ongetrouwd samenwonen alsof zij getrouwd zijn. Dat wordt niet goedgevonden, maar daar is zorg over en die zorg wordt ook meermalen uitgesproken en degenen waarvan dit bekend is, worden daarop aangesproken en vermaand.

Gelukkig is er ook jeugd die enthousiast meedoet aan allerlei kerkelijke activiteiten, veel ouderen ten voorbeeld!! Laat er veel gebed zijn voor al die jongeren en voor de jongeren die voor kortere of langere tijd “oorsee” gaan.

JJ Parre & J. Parre-Hartog (voor twee jaar als vrijwilligers werkzaam in ZA en daarna weer oorsee Holland toe). Dickensonlaan 1222, Waverley 0186, Pretoria.



ANTWOORD:

Ek is bly oor die reaksie op my artikel “’n Jaar Oorsee?”
Br en sr Parre is diep geraak deur wat hulle beskou as my onjuiste manier van beskrywing van die verskille in en tussen diverse gemeentes van die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt).

Vir hul ontsteltenis het ek alle begrip. Die kerke is vir hulle “dierbaar” en dit grief as daar ’n onjuiste voorstelling van sake gegee word. As ek daarin verkeerd gegaan het, vra ek om verskoning. Omdat ek ook skriftelike, positiewe reaksie gekry het, is dit miskien sinvol om ’n paar verdere opmerkings te maak ten bate van alle lesers. Ek doen dit vir die duidelikheid puntsgewys.

1. Doel

Die doel van die betrokke paragraaf was nie om ’n oorsig te gee van die kerklike verskille in die Nederlandse susterkerke nie. Daaraan kan ’n buitestander in elk geval nie reg laat geskied nie. Ek wou bloot aantoon dat daar verskille in ‘kerklike klimaat’ is, sodat daarmee rekening gehou kan word. Vandaar die sin “*Al wat ek hiermee wil illustreer, is dat jy moet keuses maak*”. Met ander woorde: dit is maar *voorbeelde*, en moet as sodanig gebruik word. Dit is nie ’n gebalanseerde oorsig oor die kerklike toestand nie – dit het ek duidelik gestel.

2. Woordgebruik

Met die skryf van die artikel het ek self hieroor gewonder. Die artikel is informeel geskryf, in ’n geselserige trant, sodat dit ook vir die jonger leser toeganklik sou wees. In die reaksie word bv. genoem dat dit

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:

E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos •30

lyk asof "behoudend" aan "konfessioneel" gekoppel word. Dit is inderdaad twee aparte begrippe: behoudend kan ewe ónkonfessioneel wees. Maar hoe verduidelik jy aan jonger lesers 'n sfeer in 'n kerk, sonder om daarmee 'n konfessionele oordeel te vel? "Behoudend" het 'n gevoelswaarde wat iets beteken soos "teen verandering". Dit is dus 'n gemeente wat teen die vernuwingsgees is wat deur talle kerke waai. Aspekte van laasgenoemde denke (en dit kom uit die kerklike pers) is: 'n ander liturgie, 'n nuwe konfessie, 'n ander preekstyl, meer evangeliese aksente ens, alles sake wat 'n klimaat in 'n kerk help bepaal.

3. Aansluiting

Br & sr Parre sê met nadruk daar hóéf geen huiwering te wees by watter gemeente jy aansluit nie. Alle kerke in die verband wil staan op die vaste grond van God se beloftes, en staan dus konfessioneel op dieselfde basis. Hieroor het ek geen twyfel nie en is ek baie dankbaar. Ook besef ek dat daar sorg is oor genoemde probleme onder die jeug, en dat daar vermaan word. Maar dit alles waarborg nie sonder meer 'n goeie geestelike klimaat onder jeug nie. Daarom my advies: wees krities. Jy sal moet keuses maak met wie jy wil omgaan. Dit geld in eie gemeente hier trouens ook.

As gereformeerde gelowiges glo ons dat jy lid word van die naaste kerk. Hierdie siening is 'n uitvloei-sel van ons belydenis oor die kerk. Br & sr Parre kan gerus wees: daaroor het ek geen huiwering nie. Wel het ek "met huiwering" aangedui dat daar "dalk selfs" 'n situasie kan bestaan wat jou laat besluit om liever by die een as by die ander gemeente aan te sluit. Veral in die lig van jou status as tydelike lidmaat uit 'n ander land. Want veral dan ag ek goeie kontakte met leeftyds- en geesgenote van die hoogste belang.

AJ van der Lugt

ÉÉRS ONTSPANNING DAN WERK

JA Boon

TEMA: ONTSPANNING

Éérs ontspanning dan werk? Is dit weer 'n uitspraak van die post-moderne mens wat outonoom is en sy eie heil bepaal? God het die aarde tog in ses dae gemaak en toe op die sewende dag gerus! Die tien gebooue van die Here gee tog ook die volgorde aan: ses dae moet jy arbei en die sewende dag rus!? Behoort die volgorde van die woorde in die titel van hierdie artikel nie eerder te wees: éérs werk dan ontspanning!?

Dit werk mos maar so in die lewe: 'n jaar gewerk en nou gaan ons lekker see toe of berge toe! Ons dink en doen mos so. Ek het pas my moeilike matriekjaar agter die rug: heerlik, twee maande van rus! Dit was 'n harde jaar. So sou 'n mens kon aangaan met voorbeelde. Ons as Christene is vasgevang in die denke van ons tyd: na inspanning kom ontspanning! Na werk kom vakansie! Tog leer die Bybel ons anders. Kom ons kyk bietjie daarna.

DIE RUSDAG IS DIE EERSTE DAG

As Christene vier ons op die eerste dag van die week ons rusdag, ja ons vier! Ons rus, eet lekker, luister na die verlossingswoorde vanuit die Bybel en dan gaan ons die week met nuwe moed in! Die eerste dag - die beginpunt van ons werkswaak - bring ons op die geestelike en liggaamlike peil sodat ons ons werk weer kan doen: 'n werk met soveel moeities, teëslae, sondes, gebreke, ens. Vir Christene is die eerste dag van die week dus 'n noodsaaklike rus- en steunpunt om die res van die week ons goddelike roeping as sondige mense te kan verrig. Vir die Christene het die Here dus die orde ingestel: eers rus en dan werk. Hoekom is die volgorde so belangrik in die bedeling waarin ons leef?

WAT IS ONS ROEPING OP AARDE?

Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan (Ps. 24:1 en 1 Kor. 10: 26,28). Die absolute Eienaar van die aarde en alles wat daarop leef is dus God! Die mens hier op die aarde het geen eiendom nie. Alles is deur die Here aan ons geleen - 'n gawe van God. In die paradys het God aan die mens die opdrag gegee om dit wat hy van God gekry het te bewerk, as bestuurder dit te bestuur en rentmeester daarvoor te wees. Aan Adam en Eva het God gawes gegee om daarmee in sy skepping te werk en te woeker. Ná die sondeval bly hierdie roeping van die mens staan. Dit sal met veel moeities gaan (Gen. 3:17), maar die roeping bly! Dié opdrag gee God aan ons ook teen die agtergrond van sy genade (Gen. 3:15). Ten spyte van die sondeval hou die mens die positiewe opdrag om te werk! God handhaaf op grond van sy genade hierdie paradysroeping ook ná die sondeval.

Die Spreukeboek is so vol van die deugde van werk, van vlytig wees teenoor die afgryslike sonde van luiheid. Kyk gerus bietjie hoeveel uitsprake daar in die boek Spreuke is ten aansien van luiheid. Die mens se roeping op aarde is dus om te werk, om sy goddelike roeping uit te voer: ses dae in die week met die rusdag/sondag/fees-van-die-genadedag as die eerste dag, as die ruspunt, as die middelpunt, ja as die uitgangspunt



van ons werk! Met die koms van die Verlosser Christus, het God 'n nuwe begin gemaak met ons roeping. Die mens mag nou sy roeping uitvoer vanuit die rusdag, teen die agtergrond van die sekerheid van die mens se verlossing. Met hierdie mens word bedoel die kerkmens, die kinders van God!

DESEMBER LÊ VOOR: JIPPIE!

Ja, die ontspanningsmaand lê voor, vir baie van ons. Vir ander miskien in 'n ander maand. Die vrae is nou: hoe gaan ons ontspan? Wat is die doel van ons ontspanning? Wat doen ons as ons ontspan? Kom ons probeer enkele antwoorde kry.

Wat is die doel van ontspanning? Uit wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat die doel van ons ontspanning gaan wees om só te rus, só ons "battery te laai" dat ons weer ons roeping kan uitvoer, weer kan gaan werk! Ons hou dus vakansie sodat ons weer ons goddelike roeping in Januarie 2003 en verder kan uitvoer.

Hoe gaan ons dan ontspan?

As die Christen se doel met ontspanning dus is om daarna weer te gaan werk, dan is daar duidelike riglyne. Jol jy en is jou vakansie so besig en vol dat jy nog 'n vakansie na die vakansie nodig het om te rus, dan moet jy jou afvra of jy op die regte pad is - selfs as jongmens. Vakansietyd is gewoonlik 'n tyd van besinning, van rus, van jou liggaam op kragte kry om weer te kan werk. Boweal om jou gees weer op peil te bring. Gees en liggaam is een. Ek hou dus so vakansie dat ek ook in die geloof opgebou word. In die bedeling van die Ou Testament was daar 'n sabbatsjaar, 'n rusjaar. 'n Sabbatsjaar: die woord sê dit! 'n Jaar wat in die teken staan van die Sabbat! Ons vakansie/rustyd moet dus ook in die teken staan van die Sondag, die rusdag, die feesdag, die eerste van die werkweek. Dus vakansie die eerste van die werkjaar!

Wat doen ons as ons in

Desember ontspan?

Die antwoord is vir die Christen nogal voor die handliggend:

* ons verwonder en verlustig ons oor die werke van ons Eienaar, sy skepping, sy orde, sy voorsiening, sy wonderlike gawes aan ons: op die aardbodem, in die lug en in die see!

* ons verdiep ons in sy verlossing. Vakansie is mos 'n tyd wanneer ons kan lees, praat en luister. Luister na Christelike skrywers, gesprekke oor gewone dinge met ons huisgenote/vakansiegenote/familie.

* ons rus fisies, eet gesond, probeer wegkom van slegte gewoontes soos rook en probeer ons liggame as tempels van God weer op peil kry. Rus bied die grootste weerstand teen siektes: liggaamlik of geestelik.

Vakansietyd behoort ook aan die Here. As kinders van Vader mag ons **ten volle** daarvan geniet, elke mens op sy eie wyse. Natuur en Genade kan vir ons as stedelinge tydens ons vakansies beleef word as 'n pragtige eenheid. Geniet dit!

Prof JA Boon is werksaam by die Universiteit van Pretoria. ☩

WAT LEES EK?

Mariaan Hordijk

TEMA: ONTSPANNING

Desember is vir baie van ons 'n rustige maand. Die skole is gesluit, verenigings is in reses en daar is minder vergaderings. Dit lyk na die ideale tyd om 'n boek te lees. Maar watter boek? Mariaan Hordijk het aan 'n aantal lidmate gevra watter boeke in die afgelope jaar 'n besondere indruk op hulle gemaak het.

Adèle Vorster, VGK Pretoria-Maranata, sê die volgende: Die openingsparagraaf uit Dr. James Dobson se boek *The strong-willed child*, het dadelik my aandag getrek. As ma van twee woelige, eiewillige, pragtige seuntjies, het my moed al dikwels in my skoene gesak. Met voorbeelde uit sy eie huis en uit sy jarelange ervaring as berader, skets Dobson situasies wat sy advies dadelik in konteks plaas. Dit is wat sy riglyne vir jong ouers so waardevol en toepaslik maak. Hierdie boek is 'n moét vir diegene wat "geseën" is met 'n "strong-willed child".

Betsie Raimond, VGK Belville, 'n huisvrou, vertel die volgende: Die boek van Yvonne Keuls *Mevrouw mijn moeder* sluit aan by my eie ervarings toe my ma oorlede is. Dit het my getref hoe die skryfster haar gevoel na haar moeder se afsterwe onder woorde bring: "*Ze zeggen dat je leven als een film voorbijgaat als je sterft. Ik weet nu dat dat ook gebeurt als iemand sterft met wie je verbonden bent*" (bl. 10). JI Packer se boek *Knowing God* is 'n boek waarin jy nooit uitgelees raak nie. Dit leer ons God ken soos Hy Hom aan ons bekend gemaak het, naamlik deur sy Woord. Daar kom baie aanhalings uit alle Bybelboeke in voor. Maar dat God my ken (being known) is nog baie meer as wat my kennis van God ooit kan wees.

Tjeerd de Wit, VGK Pretoria, 'n netwerkingenieur, beveel ook Packer se boek aan. 'n Ander boek wat hom bygebly het, is *The Heart of Redness* geskryf deur Zakes Mda. Op 'n pragtige manier vleg die skrywer verlede en hede ineen, asook hoe die amaXhosa-bygeloof en Westerse ontwikkelingspogings bots. Die verhaal speel af in die Oos-Kaap. Laastens noem hy die boek *Quarks, Chaos en Christendom* van John Polkinghorne. Die skrywer was voorheen 'n natuurkundige maar het 'n priester geword. Dis nie 'n uitstaande boekie nie, maar word tog genoem, omdat weereens gewys word hoe vindingryk 'n mens kan

wees om God op 'n on-Bybelse manier in sy eie skepping in te vleg om dinge verklaarbaar en aanneemlik te maak.

Bertha de Vries, VGK Pretoria, 'n huisvrou, skryf die volgende. Boeke wat my altyd interesseer is die wat betrekking het op die samelewing waarin ons lewe. Maretha Maartens het onlangs 'n literêre roman geskryf wat in dieselfde asem genoem kan word as Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena*, naamlik *Jacoba Afrikaner* (Tafelberg). Dit is verblydend dat daar weer 'n positief-Christelike roman in die Afrikaanse literatuur verskyn het. Die boek gee 'n dieper bewuswording van sowel die lig- as skadukante van die Suid-Afrikaanse werklikheid. Dit is 'n boek van vlees en bloed. In dieselfde lig beskou ek die jeugboek *Donkerboskind* (Tafelberg) van die predikantskrywer Louis Kruger. Georg Orwell het eenkeer beweer: "To see what is in front of one's nose needs a constant struggle". Dit vra insette van ons en dit is ontsettend moeilik om te sien wat daar voor jou neus, rondom jou, gebeur.

Gert Postma, diaken van die VGK Johannesburg, 'n motorwerktuigkundige, beveel *The Street Lawyer* van John Grisham aan. 'n Besoek aan 'n 'sop-kombuis' vir die mense wat op straat woon en leef, saam met die dood van 'n kind wat in 'n luierende motor skuiling teen die koue gesoek het, laat 'n geldgedrewe man besef dat 'n mens nie net vir homself leef nie. Hy begin dan om sy tyd daaraan te wy om haweloses met regsake te help. Die *trilogie van Francine Rivers* is ook een van die boeke wat hy baie geniet het. Dit speel af in die tyd na Jesus se hemelvaart. Die reeks teken die stryd van die gelowiges om staande te bly in hulle geloof. Dit is slegs God wat menseharte kan versag om Hom lief te hê en te begin dien. Hierdie boek werp ook vir ons lig op die agtergrondgeskiedenis waarin die boeke Romeine en Efesiërs geskryf is. Dit word ook duidelik waarom daar in die Bybelboeke teen sekere dinge gewaarsku word. (In Afrikaans en Engels by boekhandelaars beskikbaar, MH)

Francine Rivers se trilogie was ook 'n gunsteling van **Marga Anholts** van die VGK Johannesburg, 'n huisvrou en aktetikster. 'n Ander boek wat 'n indruk op haar gemaak het is *De Duisternis Aanwesig* van Frank E. Peretti. Hierdie boek maak 'n wêreld oop waar bese geeste en engele die geveg in die lug om ons voer. Dit is interessant, insiggewend, maar daar lê ook die gevaar in dat ons die skuld vir ons sondes op die bese geeste kan afskuif en so ons eie verantwoordelikheid ontduik. Dit is ook bemoedigend, want dit laat mens weer besef dat God sy engele gebruik om ons orals te beskerm. Nelson Mandela se wêreldbekende boek, *Long Walk to Freedom*, behoort ook tot een van haar gunsteling boeke. Dit is ongelooflik

onderhoudend geskryf en baie insiggewend vir 'n tyd waarin ons opgegroeï het en tog so weinig gewees het van wat agter die skerms aangegaan het. Mandela openbaar ook 'n wonderlike sin vir humor. Ons mag net hoop dat hy eendag die regte 'walk to freedom' sal vind en sal besef dat die aardse vryheid maar verganklik is. (Afrikaans: "Lang pad na vryheid", MH)

Wilma Lubbinge, VGK Pretoria, 'n hoërskoolonderwyseres, het ook Mandela se outobiografie aangrypnd gevind. Nog 'n boek wat haar bybly is *Ek stamel ek sterwe* van Eben Venter. Wat haar die meeste van die verhaal aangegryp het, is die algehele sinloosheid van die mens se bestaan sonder God. Die boek is glad nie uit 'n Christelike perspektief geskryf nie, maar juis die gebrek daaraan het die gemis laat uitstaan. Dit is ook definitief 'n waarskuwing vir die jeug om hulle reinheid in Christus te beskerm.

Hans Boon, VGK Pretoria, 'n professor in Inligtingkunde sê: "'n Jeugboek wat my besonder beïndruk het, was Rowan: *een verhaal uit de Middeleeuwen* deur Henk Koesveld. Dit gee 'n mens 'n goeie kykie in die daaglikse lewe in die Middeleeue, veral wat gesondheid en medisyne betref. Dit was veral mooi om te sien hoe eenvoudige, opregte gelowiges, ondanks alle bygeloof, tog deur die Here vasgehou word. Die boek *Raaiselkind* deur Annelie Botes maak jou op 'n harde manier bewus van outisme. Dit was erg om te lees hoe die koms van 'n outistiese kind groot probleme in 'n gesin veroorsaak het. Opvallend was hoe die koue afstandelikheid van die blanke gemeenskap, ja veral van die kerkmense, teenoor 'n warmer meelewing van die kleurling-gemeenskap gestel word. 'n Ou boek wat ek na jare weer intens geniet het, is *Brandende harten* deur G Kraan-v.d. Burg. Dit wys 'n mens weer op jou roeping om ten volle te stry vir die Waarheid van die Evangelie, om nooit of te nimmer tevrede te wees met kompromieë of enige afwating van die Bybel nie. Die jong advokaat Maurits van Hall het homself nie te hoog geag om die saak van sy eenvoudige broeders tydens die Afskeiding (1834) in die geregshoue op te neem nie. 'n Baie swak gesondheid weerhou hom nie van die felle geloofstryd nie. Hy sterf op 30-jarige leeftyd.

Kryn Haak, VGK Bellville, is werksaam in die telekommunikasie-sektor. Die volgende boeke het 'n indruk op hom gemaak. Eerstens *The return of the prodigal son* van Henri J.M. Nouwen. As gevolg van Rembrandt se skildery, *Die verlore seun*, herbeleef die skrywer die hart van die Christelike geloof. Die herkenning van myself as die verlore en in die besonder as die oudste seun het my diep getref asook die uitbeelding van die Vader se liefde en barmhartigheid. Tweedens noem hy *The Grace Awakening* van Charles R. Swindoll. Hoe wetties lewe ons? Die boek het my gehelp om deur die leiding van die Gees in



alle fyngevoeligheid steeds weer voor oë te hou
waaroor alles in die lewe gaan.

Karina Ijst, VGK Pretoria, onderwyseres, sê *The Cloud Sketcher* van Richard Rayner is 'n storie van 'n Finse seun wat aan die einde van die negentiende eeu gebore is. Hy droom daarvan om 'n argitek te word. Sy droom word verwesenlik toe hy na Amerika immigrer. 'n Gevoelvolle verhaal wat argitektuur, oorlog, geskiedenis en romanse ineen vleg. James A Michener se *Alaska* beskryf die geskiedenis van hierdie ontoeganklike, maar ongelooflike ryk land waar ontdekkers en avonturiers moes veg om te oorleef. Die geskiedenis is baie goed nagevors en op 'n vloeiende en spannende manier geskryf. *Captain Corelli's Mandolin* van Louis de Bernières vertel die verhaal van 'n jong Italiaanse soldaat wat in 1941 na die Griekse eiland Cephallonia gestuur word. Hy is egter meer 'n musikus as 'n soldaat. Bowendien raak hy verlief op die plaaslike dokter se dogter. Die oorlog kom egter tussenbeide. Die verhaal is dikwels humoristies, maar daar word baie aandag gegee aan die oorlog se verwoestende gevolge op persoonlike lewens.

Cora Hagg, VGK Pretoria-Maranata, beskou Dalene Matthee se boek *Pieterella van die Kaap* as 'n

pragtige boek. Dit skilder die belewenisse en ervarings van Eva (Krotoa), 'n Hottentotvrou wat getroud was met die Hollandse sjirurgyn Van Meerhoff, en hulle dogter Pieterella tydens die VOC tydperk in die Kaap. Jy word meegesleur deur Pieterella se lewensverloop. Die nagmaal-, doop-, trou- en begrafnisgodsdienstipeer die Christelike inhoud van die boek. Die meer intellektuele leser sal ook 'n interessante, onderliggende sosiaal-politieke kommentaar op ons eie tyd raaksien.

Pieter Nel is die leraar van die VGK Bethal. Hy skryf die volgende: 'n Boek wat 'n groot indruk op my gemaak het, is Seakle Greijdanus se klassieke werk *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring*. Dit het my oë weer oopgemaak vir hoe duidelik die Godgeïnspireerde Skrif sy eie riglyne gee vir sy verstaan, 'n saak waarby enige belese Christen kan baat. Die tweede boek wat my beïndruk het, is O. Palmer Roberston se boek *The Israel of God*. Hierdie boek wys waar die knooppunt in die huidige debat in die midde Ooste werklik lê en wie werklik God se volk is. Dit ruim daarom ook die verafgoding van die Joodse volk uit die weg.

Lekker lees! □

KERSMUSIEK

Hilde Rgos

TEMA: ONTSPANNING

Die geboorte van Jesus in Betlehem het met grootse lofsang gepaard gegaan, lofsang wat deur die eue in musiek weer en weer 'n nuwe melodie gekry het. Die evangelie van Lukas gee 'n beskrywing daarvan in hoofstuk 2 vers 13: *En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae.* Dit is dié woorde wat ons al jare ná die afsluiting van elke kersdiens sing. Dit is ook woorde wat in kersmusiek binne die tradisie van Westerse klassieke musiek steeds weer terug gevind word.

Daar's nog 'n skrifgedeelte uit Lukas wat komponiste reeds 2000 jaar inspireer tot die skryf van pragtige musiek: die lofsang van Maria soos beskryf in Lukas 1:46-56: *My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker; omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem...* Ook hierdie woorde is bekend in binne die musiektradisie van die Gereformeerde kerke in die

vorm van Skrifberyming 1. In Latyn, die kerktaal van die Middeleeue, word dit die *Magnificat* genoem. Ten spyte van die verdwyning van Latyn uit vele kerke ná die Reformasie, het die Latynse weergawe van hierdie teks steeds dié taal gehy vir heelwat pragtige komposisies, waaronder ons die bekende *Magnificat in D majeur* van JS Bach ook kan tel.

Buiten die lofprysinge, besing kersmusiek natuurlik die geboorte van Christus, die gebeure daar rondom en die effek van die geboorte van Christus op die wêreld. Hierdie handjievol temas en tekste word reeds vir 20 eue in allerlei kerke getoonset en uitgevoer; elkeen met sy eie teologiese onderbou, sy eie plek binne die ontwikkeling van die geskiedenis van musiek en in 'n verskeidenheid van kulturele agtergronde. Ná 2000 jaar het dit tot 'n enorme skat van kersmusiek ontwikkel, 'n skat wat musiek van heel uiteenlopende aard insluit. Later in hierdie artikel word 'n paar voorbeelde uit dié skat van pragtige kersmusiek bespreek.

Verskeidenheid

Besoek mens vandag 'n CD-winkel wat 'n goeie seleksie klassieke musiek aanhou, vind jy kersmusiek vir elke sak en smaak. Van Gregoriaanse kersmusiek uit die Middeleeue tot Bach se *Kersfees Oratorium* tot *Carols by Candle Light* en *Kersfeesmusiek vir*

kinders. Veral gewild (en goeie verkopers) is bekende musici en kore wat *Kers-CD's* uitgee met 'n samestelling van die bekendste kersliedere. Van musici op die tuisfront, staan *Kersfees met Mimi* langs *Kersfees met Hanneli Rupert* wat weer skouer skuur met *Kersfees met die Drakensbergse Seunskoor*, almal *CD's* met musiek van hoë gehalte wat van harte aanbeveel kan word.

Binne die groter geheel van kerkmusiek wat as klassieke musiek beluister en beoefen word, beslaan die hydrae van *Calvinistiese kerkmusiek* 'n klein gedeelte. Die omvang van beskikbare kerkmusiek (en per definisie dan ook kersmusiek) bestaan grotendeels uit die musiek uit die *Roomse, Anglikaanse en Lutherse kerke*, waarvan die *Roomse kerk* by verre die mees invloedryke is. (Die oorsaak vir die posisie van *Calvinistiese kerkmusiek* binne klassieke kerkmusiek word nie in hierdie artikel bespreek nie.) Rondom die viering van die kersgebeure is dit egter opvallend dat die kersliedere uit die *Anglikaanse tradisie (carols)* 'n besondere plek inneem in die totstandkoming van kersmusiek van vandag.

Dit is tog goed om kortliks stil te staan by die vraag waarom *Roomse kerkmusiek* so 'n groot plek inneem in die bestaande oevre van kerkmusiek en waarom dit so 'n invloed op die ontwikkeling van klassieke musiek gehad het. Daar is 2 eenvoudige redes: die *Roomse kerk* was van die begin van die *Westerse beskawing* af 'n werkgewer vir musici. Vir meer as 1000 jaar (tot ongeveer die *Renaissance*) het enigiemand met musiektalent vir die kerk gewerk en ná die *Renaissance* was die *Roomse kerk* vir nog 'n paar eeue, naas die adel, steeds die belangrikste werkgewer. Tweedens het musiek nog altyd 'n geweldig belangrike rol in die *Roomse liturgie* gespeel. Daar was legio geleenthede waarvoor musiek gekomponeer moes word. Die feestelike gebeure van *Kersfees* was een van hulle.

Dit is onmoontlik om 'n verteenwoordigende seleksie van kersmusiek in hierdie artikel te bespreek. Ek het daarom besluit om eerder 'n paar heeltemal uiteenlopende werke te bespreek wat 'n aanduiding gee van die verskeidenheid van kwaliteit musiek wat binne die spektrum van kersmusiek te vinde is. In die keuse van musiek wat bespreek word, het die beskikbaarheid op *CD* 'n bepalende rol gespeel.

Monteverdi

'n Goeie honderd jaar voor *J.S. Bach* se tyd, het die *Italiaanse komponis Claudio Monteverdi* gelewe, 'n



komponis wat 'n buitengewone aanvoeling vir die dramatiese gehad het. Hy het in die tyd van die *De Medici's* die eerste opera's gekomponeer. In 1610 het hy sy *Vespro della Beata Vergine* gekomponeer, 'n werk van ongeveer 80 minute lank vir koor, soliste en orkes. Dit word vandag as een van die grootste werke uit die *vroe-Barok* beskou en dit bevat 'n pragtige *Magnificat* aan die einde van die werk. Die musiek is spesifiek vir uitvoering in die *St. Markus Basilika* in *Venesië* gekomponeer en die komponis het die klank-effekte wat die ruimte van die basilika bied, in hierdie musiek ingewerk. Die *Engelse dirigent, John Eliot Gardiner* (wat 'n ewe sterk aanvoeling vir die dramatiese het), het dié werk in 1989 in die *St. Markus Basilika* opgeneem, 'n opname wat onuitputbare luistergenot bied.

'n Meer bekende werk is die *Kersfees Oratorium* van *J.S. Bach* wat in 1734 gekomponeer is, ook vir koor, soliste en orkes. Hierdie werk is eintlik 'n samestelling van 7 kort kantates en is 'n musikale weergawe van die gebeure rondom *Kersfees*, uiteengesit in 7 dele. Dit vertel van die geboorte van *Jesus* tot sy besnydenis en die vlug na *Egipte*. Binne klassieke musiek beklee *Bach* dieselfde posisie as byvoorbeeld *Shakespeare* in die literatuur. Hy was die baanbreker van soveel tegniese aspekte van komposisie in sy tyd en het as komponis altyd die balans kon hou tussen emosionele uitdrukking in musiek en die streng komposisie strukture van die *Barok*. Sy *Kersfees Oratorium* is ongeveer 'n dekade later as sy *Passies* gekomponeer en word beskou as 'n ryper werk. Daar bestaan heelwat goeie opnames hiervan, probeer gerus die uitvoering op oorspronklike instrumente van *Ton Koopman*.

Kyk mens na opnames van 20e eeuse kersmusiek is daar heelwat alternatiewe en musiek van uiters uiteenlopende aard ('n tiperende eienskap van alle 20e eeuse musiek oor die algemeen). 'n Komponis wat sy eie koers gevat het, baie besondere musiek gekomponeer het en hoonop baie suksesvol daarmee is, is Arvo Pärt. Pärt is in 1935 in Litaue gebore en die jare agter die ystergordyn het hom laat terugkeer na musiek van die Middeleeue. Ná 'n studie van ou musiek het Pärt sy eie musikale styl ontwikkel wat hy 'tintinnabuli' noem (Latyn vir klokke) en hy sê hieroor: *I have discovered that it is enough when a single note is beautifully played. This one note, or a silent beat, or a moment of silence comforts me.* In praktyk beteken dit dat Pärt met min musikale elemente werk, eenvoudige musikale lyne komponeer en die effek is meditatiewe musiek wat enorme uitdrukkingsvermoë het. Luister gerus na sy *Magnificat* vir 4 stemmige onbegeleide koor.

Rutter

Die Engelse komponis John Rutter is een van die 20e eeuse komponiste wat steeds tonale musiek komponeer en 'n groot publiek daarmee raak. Hy het Suid-Afrika

reeds 'n paar keer besoek en sy musiek word graag deur ons musici uitgevoer. Hy komponeer grootskaalse religieuse koorwerke soos hyvoorbeeld sy *Requiem*, *Magnificat*, *Gloria* en die *Te Deum*. Hierdie jaar is daar 'n Kers-CD beskikbaar, *Christmas Music*, dit bevat verwerkinge van Engelse kersliedere vir koor en orkes.

Engeland bied 'n ryk en lang tradisie van kersliedere (*carols*), liedere wat in Suid-Afrika graag op CD vrygestel word, o.a. op 'n feestelike CD van die mezzo-sopraan, Hanneli Rupert: *Kersfees met Hanneli Rupert*. Hierdie gevierde sangeres se fluweelagtige stem kan gehoor word in kersliedere soos *Coventry Carol*, *Hark the Herald Angels Sing* en *Herders op die ope Velde*. In meeste gevalle word verwerkings deur Suid-Afrikaanse musici soos Peter Klatzow, Zorada Temmingh en Peter Louis van Dijk gebruik. Rupert word deur 'n verskeidenheid bekende Suid-Afrikaanse kore begelei.

Daar is nog baie meer kersmusiek wat nie in hierdie artikel genoem is nie, maar vir dié van u wat graag kersmusiek luister: daar's te kus en te keur! ✕

16 DESEMBER

Dr. JW Meijer

SAMELEWING

Nog 'n paar dae, dan is dit weer 16 Desember. Wat maak ons met dié dag?

Vier ons die oorwinning van Andries Pretorius en sy kommando oor die Zulu-impies van Dingaan by Bloedrivier in 1838 - Dingaansdag soos dit voor, tydens en na die Anglo-Boereoorlog gedoen is? Vier ons Geloftedag soos dit sinds 1938 in gebruik gekom het en deur die destydse regering in 1952 vasgestel is - of is dit Versoeningsdag soos deur die huidige regering ingestel? Ja, daar is nog 'n moontlikheid, ons doen niks nie en voeg hierdie dag gerieflik by ons jaarlikse vakansie.

Dit is een vraag. Daar is nog 'n vraag. Kan ons mekaar bind aan 'n bepaalde manier waarop hierdie dag al of nie

gebruik mag of moet word? Dit is 'n belangrike vraag waaroor nagedink moet word, want as daarop geen gemeenskaplike antwoord is nie, kan dit maklik gebeur dat ons mekaar stilswyend bind en veroordeel.

GESKIEDENIS

Die eerste moeite ontstaan wanneer ons begin praat of daar inderdaad 'n gelofte afgelê is om die dag van die oorwinning as 'n heilige sabbat in die geslagte te vier. Wanneer ons in die lyn van Groen van Prinsterer eerstens kyk na die werklike gebeurtenisse dan is daar oortuigende bewys, wat ook deur Christen-historici gelewer is, teen die aanname dat die gelofte van 1838 inderdaad so 'n klousule bevat het. Dit staan bo alle twyfel vas dat belowe is om 'n kerkgebou op te rig en dat die dade van die Here aan die nageslag vertel sal word. Die viering van die dag as 'n besondere dag op gelyke voet met die rusdag wat die Here ingestel het, kan nie op historiese gronde verdedig word nie.

Daar is natuurlik meer. Al die deelnemers aan die kommando van Andries Pretorius kon self kies of hulle die gelofte sou aflê of nie. Dit is uiteraard volkome korrek, jy kan nie deur ander mense in 'n gelofte ingedwing word nie. Sou dieselfde mense wat so bedagsaam teenoor hulle medeburgers opgetree het dan wel aan nog ongebore geslagte hierdie gelofte dwingend opgelê het? Nee, hulle het 'n gelofte vir hulleself afgelê en dit ook volbring, dit is o.a. gedoen deur die Geloftekerk in Pietermaritzburg te bou.

Maar wat dan van dié deel van die gelofte wat belowe dat die dade van God van geslag op geslag bekend gestel sal word? Daarmee word die nageslag tog ook gebind? Ja, maar dit is geen gelofte wat uit die mens opgekom het nie, maar 'n duidelike opdrag van die Here self, sien bv. Psalm 78. Dit is ook 'n opdrag wat baie wyer strek as net een veldslag of een volk. Al die dade van die Here.....! Die Bybel is vol van voorbeelde hoe Hy langs

dikwels vir ons vreemde weë sy raad volbring. En dië God is nog steeds dieselfde. Hy kom nie met ad hoc-oplossings nie en maak Hom nie skuldig aan paniekbestuur nie. Alles wat Hy doen is gerig op die wederkoms en die herskepping. Dit moet ons aan ons kinders oordra. En die betekenis daarvan gaan veruit bo watter enkele gebeurtenis ook al.

INTERPRETASIE

Behalwe om noukeurig na die werklike feite te kyk, moet ons ook Groen van Prinsterer in sy versigtige interpretasie van die geskiedenis volg. Wat vandag vir ons so helder soos daglig is, kan more deur nuwe ontwikkelinge totaal raaiselagtig word. Dit is uiters moeilik - as dit al moontlik is - om met gesag die werklike betekenis van een enkele gebeurtenis te verklaar. Ons kan wel gevolge en implikasies op kort of langer termyn raaksien, maar dit wil nog nie sê dat ons daarmee ook die plek van daardie gebeurtenis in God se raadsplan vasgestel het nie.

Die slag by Bloedrivier was, soos die gevolge uitwys, die begin van die einde van Dingaans. Nie van die Zuluryk nie. Die Boere het, ooreenkomstig die ooreenkoms met Dingaans, die grense van hul gebied in ag geneem en verder in vrede en vriendskap met Dingaans se opvolger Mpanda gelewe. Dit was eers die Britse imperialiste wat die Zuluryk verower en geannekseer het.

Die oorwinning by Bloedrivier was tewens die begin van die Republiek Natalia, wat na 'n kortstondige bestaan in 1842 deur die Britse Ryk geannekseer is. Daarna het baie van die Boere weer oor die Drakensberge getrek en op die Hoëveld het die Zuid-Afrikaanse Republiek tot stand gekom. Hierdie slag by Bloedrivier speel dus 'n betekenisvolle rol in die geskiedenis van die strewe na Afrikaner-onafhanklikheid. Maar om dit te wil verklaar in terme van wat God daarmee bedoel het, is nie net onmoontlik nie maar ook baie gevaarlik. Dit het in die verlede al daartoe gelei dat beweer is dat die oorwinning by Bloedrivier die bewys



daarvan is dat God die Afrikaner as die regeerder van hierdie land aangewys het.

DIE VIERING

Die viering van 16 Desember het deur die jare heelwat verandering ondergaan. Die oudste mededeling van 'n jaarlikse herdenking vind ons in die dagboek van Erasmus Smit. Hy het op die dag in sy eie huis 'n samekoms gelei om, in terme van Psalm 78, God se daade te herdenk, Hom te loof vir sy uitredding en Hom te smee om ook verder sy seën te gebied. Van 'n openbare viering van die dag is tot 1880 nie eintlik sprake nie. In 1880 is 16 Desember gekies as dag vir 'n massavergadering in Krugersdorp en dit het gelei tot die Vryheidsoorlog teen die Britse anneksasie van Transvaal wat met die slag van Amajuba op 27 Februarie 1881 geëindig het.

Daarna het Dingaansdag 'n baie wyer betekenis gekry as net die herdenking van die slag by Bloedrivier. Dit het 'n dag van die volk geword, 'n soort Republiekdag waarop die onafhanklikheid van eie land en volk gevier is. 'n Nasionale feesdag soos Frankryk sy 14 Julie het en die VSA sy Independence Day. Die dag is gevier met volkspele en vermaak.

Die volgende wending was in 1925. In die jaar het prof. Gerdener die teks van die gelofte gerekonstrueer.

Dit is hoofsaaklik gebaseer op 'n sterfbedverklaring van Sarel Cilliers met 'n paar noodsaaklike byvoegings! Van die tyd af begin Dingaansdag na Geloftedag beweeg, 'n ontwikkeling wat na 1938 en die herdenking van die Groot Trek momentum gekry het. In 1952 het die regering Geloftedag aan die Sondagwette onderwerp. Vanaf hierdie tyd worstel ons eintlik met die viering daarvan. 'n Nasionale feesdag ter viering van onafhanklikheid en soewereiniteit is toe vermeng met 'n Christelik-Nasionale uitleg van die geskiedenis en daarmee het dit 'n dag geword van 'n spesifieke groep. Die probleem het nog groter geword toe die nuwe regering hierdie dag as Versoeningsdag proklameer. Wat moet ons nou maak?

VERSOENING

Die regering van ons land het met baie probleme te doen. Die verskeidenheid in afkoms en kultuur van Suid-Afrika se bevolking het al baie mense laat praat van die 'reënboognasie'. Om vrede en samewerking tussen alle bevolkingsgroepe te bevorder en daarmee die welvaart van die land te dien, is seker een van die vernaamste take van die regering. Wanneer hulle in hierdie verband een dag in die jaar wil afsonder om by hierdie goeie doelstelling stil te staan, is daarmee niks verkeerd nie. Inteendeel, die feit dat daar so 'n dag ingestel is, gee erkenning aan die ver-

skeidenheid en dit is baie beter as om skyneenheid of skyn-eenvormigheid te preek. Daar is ander nasionale vakansiedae waarteen meer en beter besware ingebring kan word as teen Versoeningsdag.

Daarmee is natuurlik nie alles gesê nie. Die regering se opvatting oor versoening en dit wat ons oor versoening in die Bybel leer, is beslis nie dieselfde ding nie. Vrede maak, is die ou betekenis van die woord versoening. Daar waar deur die sonde bande verbreek is, word deur Christus se werk weer bande herstel. In die eerste plek tussen die sondaar en God, maar ook tussen die mense onderling. Dit is die taak van elke gelowige om hierdie versoening wêreldkundig te maak. Daar is dus heeltemal ruimte vir gelowiges om Versoeningsdag te gebruik as 'n middel om die ware versoening in Christus teenoor die vermeende menslike versoeningsmoontlikhede te stel.

16 DESEMBER VANDAG

Dit bring ons by die vraag hoe ons 16 Desember vandag kan vier. Dit wil voorkom asof sowel verskeidenheid as eenvormigheid aspekte van die antwoord gaan wees. Daar is verskeidenheid in die breë Suid-Afrikaanse bevolking, daar is - op 'n beskeie skaal - ook verskeidenheid binne die kerk. Nie almal het dieselfde agtergrond, aanhanklikheid en emosie oor die viering van 16 Desember nie. Dit is binne die kerk ook nie nodig nie.

Daar is onder ons mense wat hulself deur bande van bloed en afkoms sterk verbind voel met die

Voortrekkers en hul ideale. Hierdie groep mense het met hulle viering van Gelofte-dag soos in die verlede die groot voordeel dat dit hulle 'n sterk motief gee om nie maar net met die woord nie maar ook met die daad by die werk van God in die geskiedenis stil te staan. Daar is ook 'n gevaarkant. Die viering sal met omsigtigheid beplan en ingerig moet word sodat nie eie nasionale aspirasies nie, maar God se leiding in die kollig staan. Daar sal van ons broeders en susters wees wat sterk voel oor die lewendig hou van die nasionale geskiedenis en die voorbeeldfunksie wat die slag by Bloedrivier daarin speel. Daarmee is niks verkeerd nie en hulle kan dit seker so herdenk dat dit tot voordeel van hulle kinders en tot eer van God strek.

Daar is ander, soos immigrante of ook 'n nuwe (stads)generasie wat minder sterk oor hierdie sake voel. Vir hulle sal die dag 'n ander invulling kry. Hulle het die voordeel dat hulle nie met sterk emosies die dag tegemoet gaan nie. Vir hulle is dit makliker om aan die dag 'n relevante eietydse invulling te gee. Daar is ook 'n nadeel. Word die dag inderdaad gebruik om iets te doen aan die bekendstelling van God se leiding in die geskiedenis of van Christus se versoeningwerk wat werklike vrede bring? Natuurlik kan daarteen ingebring word dat aandag vir hierdie sake nie aan een spesiale dag gebind is nie, dat ons dit elke dag voor oë moet staan. Heeltemal waar, maar wat kom daarvan tereg? As ons nie eens kans sien om dit een dag van die jaar te doen nie, wat dan van 'n vanselfsprekendheid op die ander dae?

Wat van ons swart broeders en susters? Het die voormalige viering van 16 Desember enige betekenis vir hulle? Daar is onder hulle ook aandag vir die hand van God in die geskiedenis. Daar is onder hulle ook die besef van die gevaar van 'n menslike versoeningsgedagte. Ook hulle het dus alle aanleiding om 'n waarlik Christelike Versoeningsdag te beplan. Dalk kan 16 Desember 'n dag wees of word om hulle nader te leer ken. Om 'n slag in 'n ontspanne atmosfeer saam van gedagte te wissel oor hierdie twee groot sake. Dat ons ondanks alle ellende wat ons rondom ons sien en ons onvermoë om daarin iets ten goede te verander, mag weet en bely dat God die wêreld bestuur en tot sy vaste einddoel lei. En verder dat ons in die besef ook iets mag sien van die eenheid en versoening wat daar kom vir hulle wat Hom as hulle saligmaker het.

Daar is dus baie verskeidenheid in die viering van 16 Desember moontlik. Is daar ook nog iets van eenheid?

Ja, in die belangrikste saak is ons een. Sonder om mekaar vaste patrone voor te skryf, bly daar in elke viering van 16 Desember dieselfde grondtoon: verkondig die groot daad van die Here in al sy werk, in alle tye onder alle volke. Op watter manier ons 16 Desember ook al vier, wanneer ons dit doen tot eer van die Here en om sy daad te gedenk, dan sal die dag ons nie uitmekaar dryf nie maar nader aan mekaar bring omdat ons almal een doel voor oë staan. ❧



Die bestuur, redaksie en Administrasie van **KOMPAS** wens al sy lesers en ondersteuners 'n geseënde Kersfees en jaarwisseling toe.

GKSA OP PAD NA 'n WATERSKEIDING?

Rob van der Kooy

RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

Vroeg in Januarie 2003 hou die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA) hul driejaarlikse nasionale sinode. Noudat die eerste klompie verslae en agenda-punte beskikbaar begin raak, is dit duidelik dat, soos ook reeds in 'n artikel oor die nuwe Psalmberyming in die Junie 2002-uitgawe van Kompas gestel is, dit 'n spannende paar weke gaan wees vir die GKSA.

Spannend is dalk nie die regte woord nie. Dit kan selfs meer blyk te wees, naamlik 'n tyd van beslissing en selfs van waterskeiding. Want as 'n aantal van die voorstelle wat waarskynlik op die sinodetafel gaan kom, aangeneem word, kan dit ook dié sinode blyk te wees waar die damwal teen vrysinnigheid en modernisme gebreek het. Dit klink miskien oormatig dramaties. Maar dit is nie as ons kyk na enkele van die voorstelle wat reeds in die voorgestelde agenda opgeneem is. En dit is maar 'n deel van wat alles op die sinode bespreek gaan word.

PLEK VAN DIE VROU

Selfs belangriker as besluite oor die nuwe Psalmberyming sal besluite oor die vrou in die amp wees. Die betrokke deputate kom in hul verslag wat aan die sinode voorgelê gaan word, tot die gevolgtrekking dat Fèbè (genoem in Rom. 16:1) wel 'n diaken volgens 1 Tim. 3 was en dat in die vroeë Christelike kerke vroue as diakens gedien het. Daarom behoort die vrou ook vandag tot die besondere amp van diaken verkies en bevestig te kan word. 'n Minderheidsverslag gaan nog verder en kom tot die bevinding dat vroue tot die besondere ampte van diaken, ouderling en bedienaar van die Woord verkies en bevestig behoort te kan word.

Dan is daar 'n beswaarskrif oor besluite van die sinode van 1988 oor die vrou in besondere ampte wat ook voorstel dat vroue tot enige amp beroep en bevestig moet kan

word. As hierdie besluite deur die sinode oorgeneem word, dan het bogenoemde damwal gebreek. Wat dan oorbly, is agterhoede gevegte en opruimwerk.

PSALMBERYMING

Ander deputate hanteer die kritiek wat van onder meer van Die Kandelaaar gemeente gekom het oor die nuwe Psalmberyming, die sogenaamde Cloete-beryming. Daar was verskillende kategorieë van kritiek, naamlik ten opsigte van 'n aantal beginselsake, oor die hantering van die Godsdname, oor die weglating van wraakpsalms, en oor die weglating van die verwysing na die Messias in die nuwe beryming, asook die kritiek dat die verbondsgedagte in die beryming nie tot sy reg kom nie.

Hier en daar erken die deputate wel dat daar tekorte in die nuwe beryming is, maar soortgelyke kritiek, meen hulle, kan teen die Totius-beryming ingebring word. Verder word in heelwat detail op allerlei kritiek geantwoord. Die algehele antwoord is egter dat die kritiek nie geldig is nie, ongemotiveerd, subjektief, onkundig en te algemeen.

Ook word gestel dat die meerderheid kommentaar wat ontvang is, ondanks die kritiek, tog lei tot die gevolgtrekking dat die nuwe beryming aanvaar behoort te word. Ten slotte word gestel dat beide die Totius- en die Cloete-berymings bo verdenking is en dat die GKSA beide behoort te gebruik.

BESWAARSKRIFTE

Dan is daar 'n beswaarskrif deur die Klassis Johannesburg teen Art. 69 van die Kerkorde wat 'n bokschriftuurlike, dus onregmatige beperking sou plaas op liedere wat in die kerke gesing mag word. Ook word beswaar gemaak teen die prosedure wat al vir baie jare gebruik word om liedere vir gebruik in die kerke te beoordeel. Dit moet deur klassisse of partikuliere

sinodes beoordeel word, nie deur die nasionale sinode nie.

Dan is daar 'n hele paar beswaarskrifte oor besluite van die sinode van 2000 ten opsigte van Nagmaalsviering – die gebruik van kelkies. Nie dat almal teen die gebruik van kelkies is nie, maar eerder dat die besluite onlogies is, aanleiding gee tot paradoksale vertolkings, die Skrif se bedoeling nie duidelik na vore bring nie, en dat die sinode 2000 nie voldoende leiding gegee het nie.



Die gevolgtrekking waartoe die beswaarskrifte kom, wissel. Aan die een kant word duidelik gemaak dat kelkies uit is en aan die ander kant dat geen beperking op die gebruik van kelkies neergelê moet word nie.

LEERSTELLIGE SAKE

Daar gaan sekerlik ook 'n aantal interessante besprekings wees oor verskeie ander sake. So meen die GK George dat 'n deel van Art. 24 NGB nie leerstellig suiwer is nie. Hierdie artikel stel onder meer "Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry ..."

Die beswaar is teen die kursiewe deel: daar is geen Skrifgronde daarvoor nie. "Geloof" kan nie handelende subjek wees nie; slegs God kan dit wees. Ook maak die GK George beswaar teen 'n deel van Art. 15 van die NGB waar ten aansien van die erfsonde gestel word dat dit "selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei (word) nie."

Dit lyk volgens George na 'n vertalingsprobleem. "Nie geheel en al beteken dus wel ten dele. Dis verkeerd, want die doop maak die erfsonde hoegenaamd nie tot niet nie.

Reeds heelwat besware is deur die jare ingedien teen "en neergedaal het na die hel" in die geloofsbelydenis. Dit sou onskriftuurlik wees, want Christus het nie na die hel afgedaal nie. Die deputate oor leerstellige sake stel nou voor dat dit verander moet word na "inderdaad in sy ganse lyde al die angste van die hel ondergaan het". Miskien bring dit 'n einde aan die voortdurende besware.

Daar is ook 'n verslag oor die agtergronde, verskille en ooreenkomste tussen die Sabbat en die Sondag.

Die twee is nie vergelykbaar nie, want waar die Sabbat op die komende Christus gewys het, het Christus dit vervul. Die Sondag moet gebruik word as dag om die heilsfeite feestelik te herdenk en te vier, 'n dag vol vreugde en blydschap, en nie 'n dag vol laste en dwang nie. Alles wat hierdie viering bevorder, is goed; en alles wat dit belemmer, moet nagelaat word.

Die vierde gebod het dus nie verval nie, maar het in Christus sy ware betekenis en doel gekry. Die dag behoort daarom gebruik te word om te rus, om God en jou medemens te dien, en om onderlinge meeleving met medegelowiges te bevorder.

As 'n mens beraam dat al die bogenoemde punte waarskynlik nie eers 'n kwart van die totale agenda van die sinode in Januarie gaan uitmaak nie, dan gee dit 'n sig op die hoeveelheid werk wat in twee weke se tyd, die normale tydsduur van 'n sinode, afgehandel moet word. Daarby kan bo en behalwe genoemde sake, nog 'n hele aantal ander omstrede sake verwag word.

Maar dit maak ook duidelik hoe belangrik dit is dat ons almal die sinode en al die afgevaardigdes die wysheid van die HERE toebid. As dit uit die mens moet wees, sal dit nie goed gaan met die sinode nie. As God sy hand oor die handeling en besprekings uitsteek, sal dit egter wel goedgaan. Laat ons dit van Hom afsmeek. ✠

DIE VERVOLGDE KERK

Dr. AJ de Visser

AKTUEEL

Miskien het dit baie van ons ontgaan, maar die 10de November was 'n internasionale dag van gebed vir die vervolgte kerk. Ja, daar is nog steeds baie lande in die wêreld waar Christene vervolgt word. Die Oktober-nuusbrief van die organisasie *Geopende Deure* meld dat Noord-Korea tans die plek is waar Christene die ergste ly.

"Noord-Korea het Saoedi-Arabië die eerste keer vervang as die land waar Christene die ergste vervolgt word. Die halfjaarlikse Wêreldwaarnemingslys rangskik lande volgens die vlak van vervolging wat Christene vir die aktiewe beoefening van hulle geloof trotseer. Saoedi-Arabië was jare lank bo-aan die lys. Hierdie woestynkoninkryk, wat homself as die bewaarder van Islam beskou, vereis dat al sy burgers Moslems moet wees. 'n Saoedi wat hom tot 'n ander godsdien bekeer, kan die doodstraf vir afvalligheid kry. Toenemende bewyse van kwaai verdrukking in Noord-Korea het egter bevestig wat baie waarnemers reeds lank glo. Die kommunistiese diktatorskap van Kim Jong Il laat hom deur niks

keer om alle geloofstelsels buiten die aanbidding van homself en sy oorlede vader, Kim Il Sung, uit te wis nie. Beide vader en seun het alles moontlik gedoen om die land van Christene te suiwer. Nogtans het die kerk in Noord-Korea oorleef. Christen vlugtelingen wat van Noord-Korea se uitmergelende hongersnood gevlug het, het van klein huiskerke vertel. Om veiligheidsredes bestaan dit selde uit meer as 10 individue, soms net uit familieleden. Een vlugteling het vertel hoe 'n huiskerk van 20 tot 30 mense in 2000 net verdwyn het. Derde op die lys is die suidoos Asiatiese land Laos, waar die regering Christene daarvan beskuldig dat hulle godsdienstverdeling veroorsaak. Amptenare doen alles moontlik om Christelike aktiwiteite streng te beheer, en dit sluit die aanbieding van indoktrinasielasse vir die heropvoeding van gelowiges in. Viëtnam, Turkmennistan, die Maldive-eilande, Bhoetan, Pakistan, Afghanistan en Somalië maak die res van die boonste tien uit.

Ses van die boonste tien lande word deur Islamitiese regimes regeer.

Bhoetan is hoofsaaklik Boeddhisties, en Laos, Viëtnam en Turkmennistan is onder kommunistiese beheer. Sjina, tuiste van waarskynlik die grootste aantal Christene in die wêreld, is twaalfde op die lys."

Wat Afrika betref, ly Christene die meeste in Soedan (13de op die lys) en in Nigerië (17de op die lys). Geopende Deure se nuusbrief meld dat daar onlangs geweld uitbreek het in Noord-Nigerië. "Sowat 500 persone is dood in geweld tussen Moslems en Christene in Wase, 'n dorp in die staat Plateau in noordelike Nigerië. Vooraanstaande Christenleiers Vincent Lar, Gabriel Kumdum en Tsaih Bakinrija, 'n voormalige polisiehoof, was onder diegene wat in die tragedie van 12 Julie dood is. Solomon Lar, 'n raadgewer van die Nigeriese president, sê dat meer as 10 Christengemeenskappe in die konflik geplunder en verwoes is. Sowat 10 000 mense in hierdie dorpie is ontwortel en is tans vlugteling."

Geopende Deure is 'n internasionale organisasie wat die vervolgte kerk versterk deur Bybels, opleiding, materiaal en ander hulp te voorsien.

Vir meer inligting, kyk by www.opendoors.org of vra 'n brosjure aan by Geopende Deure Suid-Afrika, Posbus 990099, Kiblerpark, 2053. ✠

INSTELLING VAN DIE AMPTE IN MAMELODI

Lodewijk Ijlst

KERKNUUS

Sondag 20 Oktober 2002 was 'n historiese dag vir die Vrye Gereformeerde Kerke. Vir die eerste keer mog ons meemaak dat in een van ons sendingskerke, die *Free Reformed Church of Mamelodi*, die ampte ingestel word.

Ons kerkverband het al vanaf die vroeë jare 60 sending bedryf in Mamelodi, die laaste jare onder leiding van ds Johan Bosman. Die opdrag wat die sendeling gekry het, is om uiteindelik 'n gemeente na selfstandigheid te lei. 'n Baie belangrike stap in hierdie proses is die oplei van mans wat geskik is vir die amp, sodat hulle die gemeente kan lei en regeer. Nadat die gemeente die versoek tot instelling van die ampte gedoen het, is 'n visitasiekommissie aangestel. Na 'n uitgebreide en diepgaande ondersoek kon die kommissie met vreugde konstateer dat die kenmerke van die ware kerk in die gemeente van Mamelodi aanwesig is.

Die betreffende Sondag was daar baie gaste wat saam met Mamelodi hierdie groot dag wou vier. Ds Bosman het na aanleiding van Josua 24:15 gepreek oor die tema: Christus is teenwoordig wanneer leiers vir God kies. Dit is baie mooi om te sien dat die Here in hierdie gemeente ook die gawes gegee het wat nodig is om 'n gemeente te bou.

Na afloop van die preek het die bevestiging plaas gevind. Die bevestigingsformulier is in Sepedi voorgelees. Die ampsdraers, brs. Bethuel Mogashoa, Timothy Mtsweni, Sello Ntsiyene en Simon Motubatse antwoord bevestigend op die vrae uit die formulier. Dadelik na die bevestiging roep Ds Bosman alle aanwesige ampsdraers van die ander gemeentes uit die kerkverband op om na vore te kom. Hulle kry as eerste die geleentheid om die broeders geluk te wens, om daarmee die eenheid van die kerk van Mamelodi binne die kerkverband te simboliseer.

Na die diens is daar gelukwensings van die afgevaardigdes van die kerke van Pretoria, Maranata en Kaapstad. Gelukwensingsbriewe van ander persone en instasies word daarna nog voorgelees. Die samekoms word afgesluit met 'n feestelike maaltyd.

Ons wil die gemeente en kerkraad van Mamelodi die seën van die Here toewens, sodat hulle mag bly groei in wysheid, liefde en toewyding.

Ondertussen het die gemeente van Soshanguve-Noord ook die proses begin vir instelling van die ampte. Die kerkraad het 'n visitasiekommissie aangestel, wat sy werk alreeds begin het. Op die oomblik dat hierdie berig geskryf word, is daar nog geen nadere besonderhede bekend nie.

DS BOERSMA


Ds Dirk Maurits Boersma het die beroep wat die kerk van Denver, Colorado in die Verenigde State, op hom uitgebring het, aanvaar. Na vyf jare se werk moet hy nou die gemeente in Soshanguve-Suid agterlaat. Dit kon nie 'n maklike

besluit gewees het nie; die werk in die gemeente het veral die laaste tyd resultaat begin toon. Daar kon onlangs nog 'n groep lede toegelaat word, daar is 'n aktiewe mannegroep, en daar word dringend gewerk aan die koop van 'n nuwe perseel, omdat die bestaande kerk te klein word om alle lede te huisves.

Gelukkig kan ons berig dat daar 'n goeie oplossing gevind is vir die gemeente: Ds Arjan de Visser sal saam met Jerry Mhlanga die werk oorneem. Jerry is 'n finalejaarstudent aan Mukhanyo Theological College.

Dit is met spyt dat ons moet afskeid neem van Ds Boersma. Ons wens hom alle sterkte toe vir die werk in die gemeente en bid dat die Here hom sal seën op die pad vorentoe.

Ons is dankbaar vir die groei wat die Here in hierdie werk gegee het. Hy vergader sy kinders van oral oor. Ons wil u daarom ook oproep om in u gebede die sendingswerk te bly gedink. ☩



Ds Viljoen rig gelukwensings aan die adres van Ds Bosman en die pas bevestigde ampsdraers

DIE GESAG VAN MEERDERE VERGADERINGS (II)

Ds. Rob Visser

KERKREG

KERKE MAAK AFSPRAKE

Om mekaar regtig te kan help is dit nodig dat meerdere vergaderings besluite kan neem. Hulle moet dan wel art 32 van die NGB in gedagte hou. Die kerkorde mag nooit tot een of ander wetboek uitgroei nie. Hier is die besluit van die vergadering in Jerusalem in Handeling 15 vir ons 'n baie goeie voorbeeld. Hierdie vergadering reël dit wat nodig is om saam as kerke in die eenheid van die geloof te bly leef maar hulle lê nie verdere laste op nie. Dit is ook 'n baie goeie uitgangspunt wanneer ons begin praat oor kerkverbandelike samewerking met die swart kerke wat vanuit die sendingwerk ontstaan. Die besluit van die vergadering in Jerusalem wat spesifiek gegaan het oor hoe die Christene uit die heidene moet leef en of hulle al die Mosaïese wette moet onderhou, was die volgende: "Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goeddoen. Vaarwel." (vers 28,29)

Hierdie besluit van die vergadering in Jerusalem was nie net 'n advies nie, maar 'n besluit wat deur Christus se kerke geëerbiedig moes word. Hierdie besluit was tot opbou van die gemeentes omdat dit in ooreenstemming met God se wil was. Dit is goed om oor sake wat ons as kerke gesamentlik raak, vanuit die God se Woord besluite te neem. Dit is goed om besluite te neem waardeur ons mekaar kan help. 'n Voorbeeld daarvan is die opleiding van Dienaars van die Woord wat ons as kerke gesamentlik doen. Dit is goed om besluite te neem waardeur ons saam die hemelse leer van Christus in die kerke wil bewaar. Daarom is dit goed dat ons saam besluit watter psalms en ander liedere ons in die eredienste mag laat sing. Ons kyk

saam na die inhoud om so die waarheid te bewaak en te bevorder in die gemeentes. Ons hou ons ook aan die besluite wat nie stry met die Woord en die onderlinge afspraak in die kerkorde nie. So wil ons in die kerkverband dan ook in die vrede van Christus saamleef. So wil ons in die omgewing waar ons kerk van Christus mag wees, soveel as moontlik beteken.

Die gesag van 'n meerdere vergadering lê dus in die gesag wat die kerke vir die vergadering gegee het en daarin dat die besluite in ooreenstemming met God se Woord is.

HET 'n MEERDERE VERGADERING TUGREG?

Hierdie vraag is baie belangrik omdat ons in die geskiedenis altyd weer die neiging sien dat kerkverbande hierdie reg aan die meerdere vergaderings wil gee. 'n Bekende voorbeeld daarvan is wat gebeur het in Nederland in 1926 met dr JG Geelkerken. Geelkerken het vir mense in die Gereformeerde Kerke die vryheid gevra om Genesis 2-3 as nie letterlik bedoelde geskiedenis te lees. Hy wou dat mense moes glo dat God alles geskep het, dat God alles goed geskep het en dat 'n sondeval plaasgevind het. Maar volgens Geelkerken moes dit moontlik wees dat mense die skeppingsverhaal nie letterlik hoef op te neem nie. Die gevolg was dat daar onrus in die kerke ontstaan het en hierdie saak in 1926 op 'n nasionale sinode behandel is. Geelkerken word veroordeel en sy siening word veroordeel as in stryd met die Skrif. Dit is ook bekend dat Geelkerken se eie kerkraad, die kerkraad van Amsterdam-Zuid, hom ondersteun. Dan besluit die Sinode van Assen om dr Geelkerken af te sit. Die veroordeling van dr Geelkerken se siening word deur almal ondersteun, maar daar is enkeles wat nie met die afsetting **deur die Sinode** kan saamstem nie. Ander verdedig die Sinode met die argument dat dit

ter wille van die waarheid gedoen is. Ons sien later in die tyd van die Vrymaking hoe die Sinode die professore Schilder en Greydanus skors en afsit en hulle beroep hulle dan op die voorbeeld van dr Geelkerken in 1926. Hulle is daarom van mening dat 'n meerdere vergadering tugreg besit.

Wie dit ernstig neem dat die kerkraad die enigste vergadering van ampsdraers is, kan nie daarmee saamgaan dat 'n meerdere vergadering 'n ampsdraer skors en/of afsit nie.

Dit wil nie sê dat meerdere vergaderings niks met die tug in die kerke te doen het nie. Laat ons kyk hoe meerdere vergaderings wel by die tug betrokke is sonder dat hulle iemand self onder die tug kan plaas, skors of afsit.


Hoe is 'n meerdere vergadering by die tug oor lidmate in 'n gemeente betrokke? As ons na ons kerkorde kyk lees ons die eerste keer in artikel 76 van 'n betrokkenheid van 'n meerdere vergadering by die tug. Ons lees in die laaste sin van hierdie artikel: "Niemand mag geëkskommuniseer word sonder die instemming van die klassis nie." Dit beteken nie dat die kerkraad nie die inisiatief vir en leiding oor die tugproses behou nie. As die kerkraad daarvan oortuig is dat 'n broeder of suster in sonde leef, word die bediening van die sakramente van hom of haar weerhou. As dit om 'n geheime sonde gaan, is die volgende stap dat daar in 'n afkondiging aan die gemeente gevra word om te bid vir 'n broeder of suster wat hom/haar aan 'n bepaalde sonde skuldig maak. As daar geen bekering kom en sy of haar naam moet genoem word om die gemeente nog sterker in te skakel, moet eers die instemming van die klassis gekry word. Kyk art 77 K.O.

Wat is die bedoeling hiermee? Die bedoeling is nie dat die klassis iemand onder die tug gaan plaas

nie. Dit gaan daarom dat die ander kerke kan hoor wat gebeur het en dat iemand nie sonder goeie redes verder op die pad van die tug gelei word nie. Hier tree die kerkverband beskermend op. Dit gaan hier om 'n so ingrypende saak dat dit goed is dat broers wat meer op 'n afstand staan, adviese kan gee. Hulle kan ook die tugproses stopsit as daar verkeerde motiewe by 'n kerkraad is.

Die meerdere vergadering is ook op 'n manier betrokke wanneer 'n ampsdraer uit sy amp geskors of afgesit moet word. Ons lees hiervan in artikel 79: "As predikante die kerklike vermaning verwerp, of as hulle 'n openbare of in ander opsigte ernstige sonde begaan, sal hulle geskors word op grond van die oordeel van hulle kerkraad en die van die naburige gemeente, soos deur die klassis bepaal.

Die klassis moet met advies van die deputate van die partikuliere sinode, soos in artikel 14 genoem, oordeel of hulle afgesit moet word. As ouderlinge of diakens hulle aan



een van die genoemde sondes skuldig maak, is die oordeel van hulle kerkraad en die van naburige gemeente, voldoende vir hulle skorsing of afsetting."

Die kerkverband word hierby betrek. Die doel daarvan is weer om te help, om ook vas te stel dat daar nie vanuit verkeerde motiewe of 'n verkeerde beeld gehandel word nie. Dit gaan hier om hulp en om die bewaking van Christus se reg in sy kerk.

Wie mooi lees sien dat die meerdere vergadering op geen enkele

manier self skors of afsit nie. Instemming is nodig of 'n klassis moet met advies van deputate van die partikuliere Sinode oordeel of 'n predikant afgesit moet word. Dit is dan die oordeel wat aan die plaaslike kerk oorgedra word en die skorsing of afsetting kan net deur die eie kerkraad gedoen word. Dit is dan daardie kerkraad se verantwoordelikheid. As die kerkraad dit nie doen nie sal die kerkverband die kerkraad daarvoor aanspreek en in die uiterste geval kan die verband met daardie kerk opgehef word.

Ons sien hoe goed dit is om saam te lewe in 'n ware gereformeerde kerkverband. Dan help ons mekaar op die regte manier. Dan help ons mekaar in moeilike dinge, dan help ons mekaar ook om geen verkeerde dinge te doen nie.

Ons het mekaar nodig. Laat ons in 'n kerkverband volgens God se Woord en volgens Christus se reg as kerke van Christus die eenheid in Christus beleef en uitleef. Onder ons enigste Meester: Jesus Christus. ☩



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927

In 'n nuwe reeks (Bijbelstudie Compact) wat deur die bekende uitgewery 'De Vuurbaak' uitgegee word, het ondermeer die volgende Bybelstudieboeke verskyn:

OPHOFF, J: Ruth

POORTINGA, P: Ester

Met literatuurverwysings, aan die einde van elke hoofstuk 'n aantal vrae, en in die 'Woord vooraf' duidelike aanwysings hoe om hierdie Bybelgedeeltes op Bybelstudie-verenigings die beste

te kan gebruik. Neem en lees maar!
Ruth: 48 bl, R47
Ester: 56 bl, R47

'n Nuwe boek van ds Erik de Boer: DE BIJBEL OPEN OVER VRIJEN (Over seksualiteit en huwelijksvoorbereiding). Wil julle oop en eerlik oor hierdie onderwerp gesels? Gebruik dan hierdie boek wat uitgebreid op sake rondom seksualiteit ingaan. Bybelstudies wat julle sal leer wat God se wil is – en dit is tog dit wat julle soek om te doen? 'n Mooi (omdat die Bybel nagespreek word) en praktiese boek!
112 bl. R84

NA WATERS WAAR RUS IS – 'n Gereformeerde Bybelse dagboek, gepubliseer deur die Gemeente Opboukommissie van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria. Di Rob Visser, Flip Retief, Pieter

Nel, Charles Nicholson, Cees Kleijn, Ferdinand Bijzet, br Axel Hagg, ds Pieter Boon, br Erik van Alten, prop. Mendel Retief, ds Eugene Viljoen, en prof Hans Boon. Prys: R74

PARALLEL BIBLE – New International Version en die King James vertaling langs mekaar met agterin die Bybelkonkordansie. 'n Goeie hulpmiddel by Bybelstudie!
R350.

FEIKE ASMA IN SUID AFRIKA Unieke historiese opnames 1972 en 1973 met samesang in die NG Kerk Bosmanstr en orrelkonserte NG Kerk Pretoria-Oos, St Albans Katedraal en Pretoria Stadsaal. Werke van Asma, Bach, Krebs, Frank, Jan Zwart ens. Prys R95 + posgeld

Katalogus van cd's op aanvraag. ☩

VERSLAG SENDINGBERAAD

Hillie Bron

SENDING

Op 25 en 26 Oktober het afgevaardigdes van al die VGK-gemeentes bymekaar gekom vir 'n beplanningsvergadering oor sendingwerk. Die vergadering was georganiseer deur die sendingdeputate van die Vrye Geref. Kerke. Hulle het ook 'n verslag oor die vergadering ingestuur waarvan hierdie artikel 'n samevattende verwerking bied.

Die sinode van 2002 wat te Johannesburg gehou is, het 'n nasionale visie vir sending in Suid-Afrika goedgekeur. Die visie lui soos volg: *"Dat daar oor die lengte en breedte van die Republiek 'n netwerk van lewende gemeentes is wat die eenheid van die Koninkryk van God in 'n multikulturele en veel-talige nasie gestalte gee."*

Een van die opdragte wat aan die Sendingdeputate gegee is, het gesê dat die deputate moet besin oor 'n meer konkrete uitwerking van die nasionale sendingvisie vir die eersvolgende vyf tot tien jaar. Deputate is deur die Sinode aangemoedig om die verskillende rolspelers by hierdie besinningsproses te betrek. Met bogenoemde in gedagte het die deputate 'n beplanningsvergadering gereël vir 25 en 26 Oktober 2002. Die doel van die vergadering was om soveel as moontlik insette te verkry oor verskillende moontlikhede en sienings aangaande die aanwending van beskikbare fondse, asook moontlike uitbreiding van die sendingwerk in ons land sodat 'n meer konkrete uitwerking aan die nasionale sendingvisie gegee kan word.

SPREKERS

Die vergadering het Vrydagaand begin waar die genoemde sprekers dr. Breytenbach, dr. Buys en dr. Hagg verskeie onderwerpe ingelei het. Die doel van die inleidings was om inligting beskikbaar te maak wat kan bydra tot die uitwerking van ons sendingsvisie. Die sprekers het kortliks die volgende

onderwerpe toegelig:

- i) dr. Breytenbach – Sendingsmetodiek,
- ii) dr. Buys – Opleiding, en dan meer spesifiek Mukhanyo Theological College,
- iii) dr. Hagg - Verskillende kulture in SA.

Na afloop van die inleidings het elke afgevaardigde 'n aantal vrae beantwoord wat vooraf deur die Sendingdeputate opgestel was. Die doel van die vrae was om vas te stel hoe daar oor sending gedink word. Elke afgevaardigde het ook geleentheid gekry om drie punte te noem wat hy/sy graag bespreek wou hê op die vergadering.

Op Saterdagoggend is die totale lys van die fokuspunte uitgedeel waarna die vergaderings die geleentheid gekry het om vas te stel watter punte prioriteit moet geniet vir verdere bespreking. Die volgende vier fokuspunte is geïdentifiseer:

- Samewerking en strukture
- Finansiële onafhanklikheid
- Teologiese opleiding
- Maatskaplike hulp

Hierdie vier punte is agtereenvolgens deur die vergadering bespreek. Besluite is nie geneem nie, omdat die vergadering geen besluitnemingsgesag gehad het nie. Tog is daar baie belangrike en aktuele sake genoem en opmerkings is gemaak waarmee verder gewerk kan/moet word. Om die rede wil ons graag van die belangrikste punte in hierdie verslag deurgesê. Dit kan as belangrike insette dien tot kommunikasie binne die samewerkingsverband, die sendende kerke se eie beplanning, asook vir ander gemeentes wat oorweeg om self 'n sendingprojek te begin.

SAMEWERKING EN STRUKTURE

As ons nasionaal dink is daar tans twee sendende gemeentes in ons kerkverband. Tydens die vergadering

is op verskeie maniere na vore gebring dat ook ander gemeentes kan oorweeg om 'n sendingprojek te begin, en dat dit goed sou wees as die moontlikhede ondersoek word.

'n Ander punt wat na vore gebring is, is dat eie jong geïnstitueerde sendinggemeentes moet inskakel by die sendingwerk. Dit sou vreemd wees as die blanke gemeentes voortgaan met sendingwerk in swart gebiede terwyl die geïnstitueerde swart gemeentes self nie daarby betrokke sou wees nie. Hulle moet dus betrokke raak.

In hierdie verband is opgemerk dat daar opnuut gekyk kan word na die samewerking tussen gemeentes. Dit is byvoorbeeld moontlik dat twee gemeentes gesamentlik verantwoordelikheid neem vir 'n sendingprojek. Hulle kan dan gesamentlik 'n sendingkommissie aanstel. Die voordeel hiervan is dat klein en pas geïnstitueerde gemeentes ook betrek kan word by die sendingwerk.

FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID

Hoewel dit die strewe is dat die jong geïnstitueerde sendinggemeentes finansiële selfstandig behoort te wees, is daar rede om te verwag dat hulle voorlopig finansiële hulpbehoewend sal wees. Hoe moet hierdie probleem aangespreek word?

Die uitgangspunt moet wees dat daar eenheid in die geloof is. Dit impliseer ondersteuning en die dra van mekaar se laste. Kerkverbandelik moet ons mekaar ondersteun. Daar word dus nie gevra of ons gaan help nie, maar wel HOE ons mekaar kan ondersteun.

Nederlandse kerke het nie die verpligting om vir die 'inheemse' predikante te sorg nie. Hulle het wel tydens die onlangse visitasie genoem dat hulle dit onderneem om vir 'n tydperk hierdie predikante te ondersteun. Daar moet egter gestreef word na onafhanklikheid by bestaande sendinggemeentes. Gemeentes moet van die begin af gewys word op hulle finansiële verantwoordelikhede. Werk pro-aktief. Stel 'n plan van aksie op

voordat tot instituering oorgegaan word sodat gemeentes hulself kan onderhou en weet wat van hulle verwag word. Syfers moet egter realisties wees sodat ons mekaar kan ondersteun.

Daar moet 'n beleid in plek gestel word van hoe die gemeente moet bydra en hoe ondersteuning kan plaasvind. 'n Aantal praktiese punte en riglyne is genoem in die verband. Wanneer daar hulpverlening plaasvind aan pas geïnstitueerde gemeentes moet die deputate hulpbehoewende kerke (Art 11) van die begin af betrek word. Eenvormigheid word so bereik.

TEOLOGIESE OPLEIDING

Ons werk in 'n multi-kulturele kerkverband. Ons dien die Here in die eenheid van die ware geloof. Daarom sal ons seker moet maak dat ons in die opleiding die eenheid van die ware geloof moet dien.

Daar moet gedink word in die rigting van 'n opleiding van die kerke. Die kerkverband het deur middel van kuratore hierin inspraak. Die Sinode se opdrag aan kuratore is onder andere om te kyk na opleiding. Daar sal gekyk moet word na akademiese standaarde van sendingsopleiding en eie teologiese opleiding.

Daar moet diepte wees in die teologiese opleiding, want daarin lê eenheid. Dit is egter belangrik dat daar bedienaars van die Woord opgelei moet word. Ons moet as kerke saam leef en daarvoor moet die opleiding dien.

Kuratore moet besin oor Mukhanyo en 'n eie opleiding. Daar sal in gedagte gehou moet word dat die teologiese opleiding by Mukhanyo nie 'n oplossing vir die broeders uit Belhar is nie. Hulle volg tans 'n B.Th. kursus en skakel by die bestaande teologiese opleiding in.

MAATSKAPLIKE HULP

Tydens die beraad is daar ook gepraat oor die vraag in hoeverre ons 'n roeping het om maatskaplike hulp en ontwikkelingshulp te gee aan die sendinggemeentes en hulle lidmate. Die algemene gevoel was dat Woordverkondiging primêr moet staan. Hulpverlening is sekondêr, maar ook belangrik. Die eerste Christelike gemeentes was baie betrokke by maatskaplike hulp.

Vanuit bestaande gemeentes kan strukture aan hulpverlening gegee word. Die predikante en sendelinge kan deur die evangelieverkondiging die gemeentes stimuleer om aktief betrokke te raak in ondersteuning. Voor sinvolle planne gemaak kan word sal die gemeentes self baie nou betrokke moet raak, want

hulle sal die behoeftes moet bepaal. Die gemeentes sal hulle nood moet raaksien en daarin moet voorsien. Elke gemeente het die verantwoordelikheid om maatskaplik uit te reik. Dit is jammer dat 'n organisasie soos MRCWA/Thusano amper doodgeloop het, waarskynlik as gevolg van 'n gebrek aan behoorlike struktuur.

Daar is baie gawes in die verskillende gemeentes waarvan gebruik gemaak kan word. Voordat 'n projek begin word moet daar goeie navorsing gedoen word. Kyk hoekom soortgelyke projekte nie van die grond af kon kom nie. Oppas om te veel dinge aan te pak met die klein hoeveelheid mannekrag beskikbaar.

SLOT

Tydens die beplanningssessie het daar baie nuwe idees en insette na vore gekom. Vanaf die Sendingdeputate se kant het ons voldoende rigting en insette verkry sodat met die uitvoering van die Sinode opdrag begin kan word. Ons glo egter ook dat die kerke wat verteenwoordig was elkeen ook baie bruikbare inligting gekry het om in die gemeentes te kan gebruik. Ons glo en vertrou dat dit wat bespreek was mag dien tot taak van die verspreiding van die evangelie hierin Suid-Afrika. ✠

GEREFORMEERDE ONDERWYS: STADIG MAAR SEKER VORENTOE IN SA

Rob van der Kooy

ONDERWYS

Dit gaan nie goed met Christelike staatsonderwys in Suid-Afrika nie. Stap vir stap word die bietjie Christelikheid wat nog in daardie skole oor is, afgebreek. En miskien is die ergste van dit alles dat baie Christelike ouers blykbaar nie omgee nie of nie besef wat aangaan nie.

Gereformeerdes weet eintlik al lankal dat staatskole nie die antwoord is nie. Die antwoord is eie, onafhanklike, gereformeerde ouerskole. Maar die vordering op hierdie gebied is baie stadig.



Net meer as 21 jaar gelede het 'n klompie gereformeerdes in Alberton byeen gekom het om wat vandag bekend staan as die Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys (ARSO) te stig. Die doel was om die idee, konsep en moontlikheid van gereformeerde skoolonderwys bekend te stel. En om gereformeerde private ouerskole van die grond af te help kry.

Die konsep was nie juis in SA bekend nie. Want "Christelike-nasionale onderwys" was in die oë van baie Christene miskien nie ideaal nie, maar tog goed genoeg. In daardie stadium, 21 jaar gelede, was daar net twee gereformeerde skole en wel binne die verband van die Vrye Gereformeerde Kerke, naamlik een in Kaapstad (Gereformeerde Skool Bellville) en een in Pretoria (Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn).

Deur die jare het ARSO artikels gepubliseer, vrouesaamtrekke, gemeentes en meerdere vergaderings in die GKSA toegesprek, pamflette uitgedeel en ook hier en daar gehelp met die stigting van gereformeerde skole. En baie stadig is in die verband van die GKSA met skoolstigting begin. In watter mate ARSO 'n sukses was en bygedra het tot die stigting van gereformeerde ouerskole, is moeilik om te bepaal. Feit is egter dat daar vandag elf gereformeerde skole is, met in totaal byna 2 000 leerlinge. Dit sluit drie swart skole in waarvan twee in die verband van die Gereformeerde Kerke en een in die verband van die Vrye Gereformeerde Kerke. Van die elf is daar vandag sewe in die GKSA-verband. En vyf van die sewe is vandag steeds aktief by die werksaamhede van ARSO betrokke.

AGTERUITGANG

Intussen is daar 'n hele paar verwickelings op die gebied van die onderwys in SA. Een is dat die kwaliteit van staatskole oor die algemeen baie agteruit gaan en vir sover 'n mens kan sien, agteruit sal bly gaan. En ook dat die algemeen-Christelike karakter wat baie staatskole gehad het, stap vir stap verdwyn en verban word.

Daarby word toenemend allerlei wêreldse waardes op leerlinge afgedwing wat niks met Christelikeheid te doen het nie. Dit is 'n snaakse kombinasie van liberale, humanistiese, sosialistiese, intergodsdienstige en Afrika-waardes. Hierdie waardes word soms blattant en soms baie subtiel in omtrent alle vakke se voorgeskrewe leerinhoudes ingeskryf en wel op so 'n manier dat dit vir onderwysers al moeiliker word om die kaf van die koring te skei. Vir kinders, ook op hoërskoolvlak, sal dit bykans onmoontlik wees om nie daardeur beïnvloed te word nie as daar vanuit die onderwys nie sterk teengif gegee word nie.

Miskien nog erger is dat 'n mens moet beseft dat daar menslikerwys gesproke geen enkele vooruitsig is dat sake gaan verbeter nie. Eerder dat dit verder gaan versleg as 'n mens die uitsprake van die minister van onderwys, dr Kader Asmal, moet glo. En hy het nogal 'n reputasie dat hy voet by stuk hou, al probeer hy billik en redelik oorkom, en is hy selfs bereid om so nou en dan 'n fout te erken of 'n stap terug te doen.

GELEENTHEID

Maar in hierdie penarie lê ook 'n groot geleentheid. Al meer Christene begin beseft dat gereformeerde en goeie kwaliteit onderwys op eie ouerskole meer as ooit noodsaaklik geword het. Dit maak 'n organisasie soos ARSO wat gereformeerdes kan wys op die noodsaak en die moontlikheid van gereformeerde onderwys, wat kan adviseer en help met die oprig van eie skole, en wat kan help om gereformeerde leerinhoudes vir vakke te verskaf, aktueler as ooit.

Maar ARSO het tot onlangs bestaan uit 'n klein klompie individuele en vier skoolverenigings wat 'n bestuur gekies het, en 'n aantal onderwysers wat werkwinkels hou om gereformeerde vakinhoudes te ontwikkel.

In die verlede was dit nog moontlik om baie van die bestaande vakinhoudes van die ou onderwysdepartemente aan te pas en te

gebruik. Met al die nuwe vereistes wat die owerhede stel, soos uitkomsgebaseerde onderwys, soos swak of onchristelike vakinhoudes, en soos vorms van assessering wat dit moeilik of selfs onmoontlik maak om leerlinge te laat druipe, word dit al onmoontliker om enigiets wat van owerheidskant kom, te gebruik.

Wat om nou te doen? Vir die gereformeerde is die antwoord eintlik maklik. Die Bybel en ook die gereformeerde kerkvaders is baie duidelik oor die uitgangspunt. As die kerk van die HERE Jesus Christus menslikerwys toekoms wil hê, moet gelowiges hul kinders onderwys in alles wat die HERE sy kinders beveel, ook in wysheid en skrantheid. Kyk maar na Deut 6:4-7. Ps 78, Spreuke 1 – 4, Ef. 6:4 en 2 Tim 3:14-17. Of lees die Doopformulier, HK Sondag 38 of selfs artikel 21 KO.

Daarby waarsku die Bybel dat Gods volk te gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis (Hosea 4:6, Jes 5:13, ook die eerste hoofstukke van Spreuke). En dit – die kwyning van kennis van die HERE en sy wil, asook Bybelse insig en wysheid – wat ons al sterker in byvoorbeeld Afrikaanse kerke sien ontwikkel. Die onderwysgeskiedenis in Nederland maak die antwoord ook duidelik. Daar was vir baie jare, rond die middel van die 19e eeu, 'n lang skoolstryd toe gereformeerde ouers die reg opgeëis het om hul kinders gereformeerde onderwys te gee, 'n stryd wat hulle uiteindelik gewen het. Tot vandag is daar honderde reformatoriese en gereformeerde skole waar ouers in 'n groot mate bepaal wat wel en wat nie geleer word.

As die kerk in SA – menslikerwys gesproke – toekoms wil hê, sal daar ook baie meer onafhanklike gereformeerde skole onder beheer van gereformeerde ouers, met eie en gereformeerde vakinhoudes moet kom. En vir ARSO beteken dit dat dit baie dringend geword het om mense/onderwysers aan die werk te kry nie net om gereformeerde vakinhoudes te ontwikkel nie, maar om dit ook op skrif te sit en te laat

druk om dit tot die beskikking van onderwysers en skole te stel wat gereformeerde onderwys wil gee.

AKSIEPROGRAM

Om dit en nog veel meer te doen, het ARSO baie meer uitvoeringskapasiteit nodig as wat dit ooit gehad het. Daarom is met 'n aksieprogram begin wat onder meer die volgende behels:

- ARSO word herstruktureer as 'n diensburo om 'n verskeidenheid dienste aan gereformeerde skole te bied. ARSO het dan nie meer lede nie, maar sal bestuur word deur 'n raad bestaande uit 'n aantal lede wat genomineer word deur gereformeerde skole.
- Geld is reeds ingesamel om 'n deeltydse uitvoerende beampte aan te stel, wat al gedoen is.
- Baie voorbereidingswerk word tans gedoen om gereformeerde vakinhoud te ontwikkel en te publiseer.
- En daar is begin met 'n internasionale fondswerwingspoging om fondse te bekom waarmee al die werk gedoen sal kan word.

Wat laasgenoemde betref, is al baie gedoen, want dit is 'n sleutel om aanstaande jaar op baie groter skaal as tans te werk te gaan. Daarom word tans gereformeerde kerke in talle lande, natuurlik ook in SA, gevra om op 2 Februarie 2003 'n spesiale kollekte vir gereformeerde onderwys in SA te hou;



skole op 3 Februarie. En vir 1 Februarie word 'n seminaar in Pretoria beplan om die pad vorentoe vir ARSO uit te stippel.

Intussen is byna 2 000 adresse van gereformeerde kerke en skole in 'n stuk of tien lande opgespoor en gerekenariseer. Aan hulle word e-pos of gewone briewe gestuur om te vra om te help met die projek.

ARSO is steeds op soek na skakeladresse in die buiteland wat kontak het met gereformeerde kerke en skole om hierdie fondswerwingspoging meer stukrag te gee. Vir hierdie doel is briewe, brosjures en plakkate by ondergetekende beskikbaar.

Wat gaan ARSO met die geld doen?

- Gereformeerde vakinhoud (laat) opstel en beskikbaar stel

- Opleiding van gereformeerde onderwyspersoneel bevorder
- Hulp (finansieel en andersins) aan skole gee wat kan aantoon dat hulle gereformeerde onderwys wil gee.
- Die stigting van gereformeerde skole bevorder
- Die noodsaak, idee en konsep van gereformeerde onderwys meer as ooit landswyd tuisbring.

Omdat ARSO 'n diensburo sal wees sonder lede, sal enige skool van sy (gereformeerde) dienste gebruik kan maak, natuurlik in die eerste plek gereformeerde skole, maar ook nuwe en ander skole. Ora et labora!

Rob van der Kooy is uitvoerende beampte van ARSO. Sy kontak-besonderhede is soos volg: rvdkooy@mailbox.co.za, tel 012 332-3222. ☐

STOWWERIG?

Mariaan Hordijk

ONDERHOUD

Ek dink nog altyd aan museums as stowwerige ou geboutjies met plankvloere, waar kinders nie mag hardloop nie. In my voorstelling sit daar gewoonlik 'n kwaai tannie met 'n bolla en knypbrilletjie, wat gesteurd opkyk as jy harder as 'n fluister praat. Dan moet jy nog geïnteresseerd lyk in die glaskaste vol ou, verslete goed, ter wille van die oupa, ouma, oom of tante wat al die moeite gedoen het om jou op die uitstappie te neem. Ja, museums was beslis nie my gunsteling besoekplek nie.

My houding oor museums het gelukkig drasties verander na 'n onlangse besoek aan die Nasionaal Kultuur Historiese Museum te Pretoria. Daar het ek 'n afspraak gehad met Br Jan Middeljans, 'n lidmaat van die VGK te Pretoria. Hy beklee tans die posisie van Hoofkonservator van die museums in Tshwane. Hy is verantwoordelik vir die konservering van alle voorwerpe wat in besit van die museums is. Dit behels tegnieke om die verskillende voorwerpe so te bewaar dat hulle toestand nie agteruit gaan nie. Dit sluit in, alle voorwerpe wat tans uitgestal word, asook die wat gestoor word. Voorwerpe varieer vanaf 'n mummie wat uit ongeveer 150 n.C. dateer, tot moderne keramiekwerk van kunstenaars wat nog leef.

RESTOUREER

Verder is hy ook 'n restoreerder. 'n Restoreerder is

ook gemoeid met konservering, maar beskik oor addisionele kundigheid om beskadigde voorwerpe te verbeter na hulle oorspronklike toestand. 'n Groot projek waarby Br Middeljans tans as restoureerder betrokke is, is die restorasie van 'n replika van die Nagwag van Rembrandt. Hierdie replika is een van agt ter wêreld en was deel van 'n besending kultuurvoorwerpe wat na die tweede Vryheidsoorlog deur die Nederlandse Regering aan Suid Afrika geskenk is om kultuur te bevorder. Die Nagwag is na 'n oorstroming in die museum in 1990 met 'n waslaag bedek. Deel van Br Middeljans se taak as restoureerder is eerstens om die waslaag te verwyder. Daarna moet beskadigde dele van die skildery weer ingeschilder word. Br Middeljans hoop om die gerestoureerde Nagwag deel te maak van die permanente uitstalling van die Kultuur Historiese museum. Hy hoop dat die skildery die fokuspunt sal wees as voorbeeld van byvoorbeeld komposisie en beligting vir kunsstudente, as voorbeeld van hoe kultuur kleredrag beïnvloed het, en nog vele meer. Dit was vir my interessant om van Br Middeljans te verneem dat skoliere wat hoofsaaklik in die Afrika-tradisie grootword, tog baie geïnteresseerd is in kunswerke soos die Nagwag. Hulle is beslis honger om van die Europese erfenis, wat deel uitmaak van ons land se geskiedenis, te leer.

Br Middeljans lê sterk nadruk op die feit dat 'n museum slegs bestaansreg het as gevolg van die werklike voorwerpe wat daar bewaar en uitgestal word. Ons leef in 'n tyd waar dit moontlik is om enige belangrike kunswerk byvoorbeeld op rekenaar op te roep om 'n afbeelding te sien. Die bestaansreg van museums en kunsgalerye kom hierdeur wêreldwyd sterk in die gedrang. Tog het mense steeds die drang om die werklike, lewensgroot kunswerke te sien. Dit is daarom die taak van konservators en restoureerders om die voorwerpe wat daar is vir ons nageslag te bewaar. Dit is Br Middeljans se strewe om so veel as moontlik voorwerpe ten toon te stel. Elke voorwerp bevat 'n stukkie kultuur, wat van die wêreld maak wat dit vandag is.

Museums moet egter nie bloot kunsgalerye wees nie. 'n Museum is daar om kultuur uit te beeld. As voorbeeld wys Br Middeljans aan my 'n oorspronklike skildery van die Franse Skilder "Oelder". Die skildery beeld 'n groep Tsonga's uit wat pas 'n bees geslag het en reeds begin het om die bloed van die bees te drink. 'n Merkwaardige kunswerk, maar ook 'n belangrike bydrae tot kultuur.

CHRISTEN

As konservator is Br Middeljans nie verantwoordelik vir die beplanning van nuwe uitstallings nie. Hy is egter dikwels daarby betrokke omdat hy verantwoordelik is vir die voorwerpe wat in uitstallings gebruik word. Hy het dus nie werklik inspraak in dinge soos bewoording op plakkate nie. As Christen maak hy egter tydens beplanningssessies beswaar teen evolusionistiese uitsprake. Hy maak veral kapsie as aan projekte Bybelse name toegeken word, soos "Genesis" of "Tuin van Eden". Hy pleit gewoonlik daarvoor dat die wat nie die Bybel wil glo nie, ook nie Bybelse name vir uitstallings moet gebruik nie. Dit is vir hom juis ironies dat 'n uitstalling in die Transvaalmuseum, wat wil aantoon hoe die mens uit die aap ontstaan het, "Genesis" heet. Tog wil sy kollegas nie aangespreek word op grond van die Bybelse leer nie. Hulle is wel versigtig as hulle van onwetenskaplikheid beskuldig word. Br Middeljans het byvoorbeeld aangevoer dat dit onwetenskaplik sou wees om 'n uitstalling "The Garden of Eden" te noem, omdat dit nog nie wetenskaplik bewys kon word waar die werklike tuin van Eden was nie. Op grond van die onwetenskaplikheid daarvan is die naam van die uitstalling verander. Dit bly helaas die stryd van die enkeling. Tog glo Br Middeljans dat die uitstallings in die museums so aangebied word dat ons gerus ons kinders onder begeleiding van 'n volwassene daaraan kan blootstel. Die uitstallings leen hulle daartoe dat ons die benadering kan volg van "Daar is wetenskaplikes wat ... sê, maar ons as Christene bely dat hierdie voorwerpe vir ons ... sê"

Wel, ek weet nou dat museums nie net stowwerige plekke met plankvloere en kwaai tannies is nie. Die middestad van Pretoria huisves verskeie museums en geskiedkundige plekke. Jan Tuisbly se karretjie gaan hierdie vakansie sommer baie stof opskop! ✕

